THE | DIE

# CHARLIE



VOL 17

TERM 2 2026 | kWARTAAL 2 2026

CHARLO

FAITH • GELOOF

INHOUD | CONTENT BLADSY | PAGE


| | |
|---|---|
| O/13A Marlow-rugbytoer | 1 |
| O/13 A Cradock Netbaltoer | 2 |
| The Charlo Carnival Stalls | 3 |
| Charlo Carnival 7s | 4 |
| Entrepreneurs Kwartaal 2 | 5 |
| Lorraine Derby | 6 |
| Summerwood Derby | 7-8 |
| Clarendon Festival | 9 |
| Choir performances | 10 |
| Mosselbaai Netbaltoer | 11-12 |
| Mosselbaai Rugbytoer | 13-14 |
| Sunridge Fast 5 | 15 |

## O/13A Marlow-rugbytoer

Die toer was 'n baie lekker ervaring vol pret, samewerking en nuwe herinneringe. Die toer het met 'n openingseremonie begin, waartydens al die skole verwelkom is. Daar was verskeie aktiwiteite waaraan die span deelgeneem het, soos klei-aktiwiteite, toutrek, prettige speletjies, en daar was 'n braai wat vir almal die geleentheid gegee het om mekaar beter te leer ken.

Een van die hoogtepunte van hierdie toer was die "touch rugby" -wedstryde waarin Charlo eerste plek behaal het. Ons span het in totaal drie wedstryde gespeel en alhoewel hulle dalk nie almal gewen het nie, het die seuns steeds hulle beste gegee en goeie spanwerk getoon.

Die toer is beslis 'n ervaring wat hulle nooit sal vergeet nie.
-Anika Fourie





# O/13A Cradock netbaltoer















## The Charlo Carnival Stalls

What a wonderful weekend our carnival turned out to be. Even the freakish and unexpected hailstorm couldn’t dampen the spirits of all who came to support our carnival.

So much was on offer, from delicious food prepared and sold at the lapa to the sweet treats found in the main tent. The pancakes from the Grade 1 stall went down especially well.

So many activities were packed under one roof – the Plinko game, the bean bag toss, and pinning the tail on Miles – there was something for everyone.

More fun was to be had with the two main events outside the tent—the bounce house and soft play area. The young ones were lining up to get their turn. The paintball shoot was also a highlight, with young and old coming to test their accuracy.

A huge thank you to all who came to support our event. A special thank you to all the parents and staff who worked so hard to make it a success.

Maya Mühlberg

# Charlo Carnival 7s



















## Entrepreneurs Kwartaal 2

Op die 2de Mei was ons kwartaalikse entrepreneursdag. Daar was altesaam 61 entrepreneurs wat deelgeneem het. Alhoewel daar baie verkopers was,was dit heelwat minder as in kwartaal een. Minder verkopers, maar die leerders wie deelgeneem het, het dit met baie selfvertroue aangepak.

Amper almal se produkte was al uitverkoop teen die einde van eerste pouse! Die mees gewildste verkope was die kosprodukte, daar was ook die “slushies” en “squishies”wat goed verkoop het.

Wat is die doel van Entrepreneurs? Wel dit ontwikkel die nodige vaardighede wat winkeleienaars gebruik. Sommige leerders mag dalk eendag hul eie besigheid hê, so dit is oefening vir hulle. Dit leer ook probleemoplossing en selfstandigheid.

Die leerders van Charlo het dit baie geniet! Dankie aan al die Charlo entrepreneurs vir al die lekker goed en nog vele meer!

Mieke Human



## Fees van gees by die Lorraine Derby

By vanjaar se Lorraine Derby kon 'n mens die absolute sportkoors en vlammende gees sommer van ver af voel! Dit was 'n onvergeetlike dag vol wedstryde wat 'n mens heeltyd op jou tone gehou het. Dit was ongelooflik lekker om te sien hoe al die spanne pragtig saamstaan en alles gee.

Die absolute hoogtepunt was om te beleef hoe veral Charlo se jong 0/7- netbalspelertjies hul harte uitgespeel het en sommer net groot pret gehad het! Die ondersteuning van die ouers en die maats van albei skole was iets om te aanskou. Hul positiwiteit en passievolle aanmoediging het die spelers op elke gebied, deurentyd gemotiveer om hul beste te gee.

Wat 'n mens vandag duidelik gesien en geleer het, is dat ons Charlo spelers ware karakter het. Wen of verloor, almal het nederig gebly, hul koppe omhoog gehou en gespeel vir die liefde van die sport. Wat ‘n fees om in Charlo te kan wees!

Mariaan Venter





**Summerwood Derby**

Charlo Primary had an excellent two days of sport against Summerwood in our annual derby.

On Friday, our netball teams, from u/7 to u/13, travelled to their school to face off against them on the court. The teams did well and worked hard. The support next to the court was outstanding as different age groups cheered for each other.

On Saturday, our hockey and rugby teams had their turn. The hockey girls showed good sportsmanship on the field and won most of their matches. Once again, our u/7's dominated the field, showing skill and determination. Much fun was had and many memories were made on the day.

The rugby boys played their hearts out and gave it their all. The teams did extremely well.

Well done to all the teams that took part, we are very proud of each and every learner who participated.

Maya Mühlberg










## A Fantastic Rugby Festival


"Success begins with teamwork, determination, and the courage to take on new challenges."

The Charlo Primary Under 11 rugby team participated in the Clarendon Rugby and Hockey Festival. The festival brought together schools from different areas and gave our players the opportunity to compete against new opponents.
Our rugby team had a successful day, playing a total of six matches and winning three. These victories were among the highlights of the festival and reflected the players' hard work, determination, and team spirit.

The festival provided the players with valuable match experience and an opportunity to develop their rugby skills while representing Charlo Primary with pride. It was a wonderful way to build confidence, strengthen friendships, and prepare for the rest of the season.

Charlo Primary is proud of every learner who participated. Their dedication, positive attitude, and sportsmanship made the festival a memorable experience.

Kamilah Abid



## Voices of Excellence: Charlo Primary School Choir Shines in 2026

“Music brings people together, inspires hearts, and creates memories that last a lifetime.”

During Term 2, the Charlo Choir proudly represented our school at several memorable performances and festivals. The choir participated in the Hoogland Choir Festival, the Knock on Wood Arts Festival, Doxa Deo Church, and the ECCC and Friends Choir Festival.
One of the choir's greatest achievements came at the Knock on Wood Arts Festival, where the choir was awarded a Double Gold Certificate and received the medal for the Best Choir in our category.
The atmosphere at each event was uplifting and inspiring. Performing together strengthened the choir members' confidence, teamwork, and sense of belonging, making every performance a memorable experience.
Charlo Primary is extremely proud of its choir and everything they have accomplished so far this year. We look forward to many more successful performances in the future.

Kamilah Abid





## Mosselbaai Netbaltoer

Op 29 April het die O/11A-netbalspan na Mosselbaai gereis. Dit was 'n ongelooflike toer wat die meisies nooit sal vergeet nie en waar hulle baie mooi herinneringe as 'n span gemaak het.

Op die baan het die meisies uitstekende spanwerk en samewerking getoon. Hulle het elke keer hulle harte uitgespeel. Dit was ook 'n wonderlike geleentheid vir die meisies om teen sterk spanne te speel en waardevolle ervaring op te doen.

Dit was 'n opwindende toer vir al die meisies. Selfs die onderwysers het dit geniet om te sien hoe goed hulle as 'n span saamwerk en altyd hul beste gee.

Die toer sal altyd 'n spesiale plek in die meisies se harte hê. Dit het hulle goed voorberei vir die res van die netbalseisoen, waar hulle kan wys wat hulle alles geleer en op die toer ervaar het.

Alienke Steenkamp


2026
LAERSKOOL PARK
Waar elke kind kosbaar is
JOHANN MULLER
o.11 RUGBY & NETBAL
TOERNOOI
LAERSKOOL CHARLO
@ Johann Muller o.11 Toernooi
CHARLO
FAITH • GELOOF







## O/11 Rugbytoer na Mosselbaai

Op die 29ste April het die O/11 rugbyspan na Mosselbaai gereis. Hulle het altesaam 7 wedstryde gespeel. Die seuns het teen Kabega Primêr, Laerskool Sundrige, Cradock Primêr, Laerskool Luarus, Laerskool Park, Trio Primêr en Noord-Eind Laerskool gespeel.

Hulle het 1 wedstryd gewen, 1 gelykop gespeel en ongelukig 5 verloor . Alhoewel daar geen spelers van die wedstryde was nie, was daar elke dag 'n speler van die dag aangewys. Op dag 1 was die speler van die dag Willem Theron, dag 2 was dit Iminathi Mtana en laastens op dag 3 was die speler SW Labuschagne. Baie geluk aan die 3 seuns!

Behalwe vir die sport het hulle hulself geniet deur na die Spur en Pannarotis toe te gaan. Hulle het ook saam met die netbaldogters gaan "putt-putt" speel. Die seuns en dogters het die Vrydagaand 'n fliek by Laerskool Park gaan kyk.  Sjoe, sommer lekker groot pret.

Die afrigters is baie trots op ons Charlo o/11 rugbyspan. Die seuns het hulle harte uitgespeel en het elke minuut saam geniet. Die afrigters sien uit na volgende jaar se toer.

Mieke Human




Standard Bank




2026
LAERSKOOL PARK
JOHANN MULLER
o.11 RUGBY & NETBAL
TOERNOOI
LAERSKOOL CHARLO
@ Johann Muller o.11 Toernooi
CHARLO
FAITH • GELOOF

## Blitsvinnige aksie by die Sunridge Fast 5

Die jaarlikse Sunridge Fast 5-netbaltoernooi het vanjaar weer vir groot opwinding en baie sweet gesorg! Hierdie unieke manier van speel het van al ons bestes nuwe vaardighede en hope ekstra energie gevra. Met slegs vyf spelers op die baan in plaas van die gewone sewe, moes die meisies ekstra fiks wees.

Daar was bitter min tyd vir rus, want almal moes blitsvinnig tussen aanval en verdediging wissel. Wat gesorg het vir die grootste vermaak vir die dag was die sogenaamde "Power Play". Dis waar spanne die laaste minuut van elke kwart kans kry om hul punte te verdubbel met langafstand-doele.

Die spanne het absoluut alles ingesit om die bal so vinnig as moontlik by die doele te kry. Die grootste naelbyt oomblik van die toernooi was die wedstryd teen Summerwood. Die punte was so naby aan mekaar dat die afrigters en toeskouers omtrént hul naels afgekou het van spanning! Uiteindelik het hierdie skitterende toernooi gesorg vir groot pret en natuurlik dat spanwerk die belangrikste is. Charlo het weereens bewys dat hulle vir niemand terugstaan nie!

Mariaan Venter





